

Publication: SonWes (Sport)
Publication Date: 10 May 2017
Page: 26

AVE: 68059.07
Circulation: 74103
Part: 1 of 1

# THANDA OP, SANTOS AF...




**DAAR word geskarrel in die promosie-relegasie-uitspeelreeks, maar die posisies is nog nie 'n uitgemaakte saak nie.**

Dis terwyl die vreugdevure hoog brand in Richardsbaai omdat Thanda Royal Zulu promosie tot die Premier-sokkerliga (PSL) behaal het, en die trane behoorlik vloei in Lansdowne omdat Santos tot die Tweede Liga gerelegeer is.

*Die ordentlike ding om te doen, is sekerlik om Thanda geluk te wens met sy prestasie.*

Boonop het die voormalige breier van Chippa United, Roger Sikhakhane, se span dit reggekry met drie wedstryde oor.

**Dít op sigself is 'n merkwaardige prestasie, aangesien die sogenaamde "Graveyard" (soos Mark Harrison, 'n destydse afrigter van Chippa, na die NFD verwys) nie speletjies is nie.**

Spelers kort *balls of steel* om vir die liga te kwalifiseer, wat nog te sê van wen.

*Uit 'n Kaapse oogpunt kan dit 'n bittersoet ervaring wees: Soet, omdat die Kaap se groot hoop op promosie, Stellenbosch FC, steeds op koers is daarvoor.*

Sammy Troughton (afrigter) se derde geplaaste Stellies het nog twee wedstryde oor.

**Daarmee sal hy 'n groot aanslag van ander aanspraakmakers soos Royal Eagles, AmaZulu en Witbank Spurs moet afweer om die promosie-relegasie-uitspeelreeks te haal.**

Troughton-hulle sal ook moet duim vashou dat hulle maksimum punte uit Milano United sal put.

*En dan sal hulle moet hoop dat Black Leopards sal kleitrap teen AmaTuks om as die naaswenner te eindig.*

Die ironie van dié Kaapse derby vandag in die Athlone-stadion is dat al wíl albei spanne mekaar gunsies bewys, hulle egter nie kan nie.

**Milano kort ook die punte om sy NFD-status vir volgende seisoen te verseker.**

En nou die bitter pil, maar eers 'n minuut se stilte vir dié wat gesneuwel het – soos Santos...

*Geen woorde kan egter beskryf hoe hartseer dit is om die Kaap se suksesvolste klub te sien agteruit gaan nie.*

Santos se grootbaas, Goolam Allie, sal nou moet terugstaan om die jonger generasie die geleentheid te bied om die klub se geloofwaardigheid te herstel.

**Aangesien Santos reeds verdoem is tot die ABC Motsepe-kompetisie, kan hy ten minste 'n goeie Samaritaan wees.**

En dít kan hy doen deur die Kaap vir oulaas 'n massiewe guns te bewys deur Stellenbosch drie punte te gee wanneer hulle op die laaste dag van die seisoen speel.



**SJAP-SJAP: Roger Sikhakhane het Thanda Royal Zulu teen alle verwagting in tot die Premier-sokkerliga (PSL) gebrei, nes met Chippa in 2014. Foto: GALLO IMAGES**

**DIE puntelys in volgorde van posisie, span, gespeel, gewen, gelykop, verloor, doele vir, doele teen, doeleverskil en ligapunte is:**

| Pos | SPAN | P | W | D | L | GF | GA | GD | Pts |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Thanda Royal Zulu | 28 | 15 | 11 | 2 | 46 | 22 | 24 | 56 |
| 2 | Black Leopards | 28 | 13 | 8 | 7 | 43 | 34 | 9 | 47 |
| 3 | Stellenbosch | 28 | 13 | 7 | 8 | 38 | 27 | 11 | 46 |
| 4 | Royal Eagles | 28 | 12 | 8 | 8 | 49 | 36 | 13 | 44 |
| 5 | AmaZulu FC | 28 | 13 | 5 | 10 | 47 | 34 | 13 | 44 |
| 6 | Witbank Spurs | 28 | 12 | 8 | 8 | 39 | 35 | 4 | 44 |
| 7 | Mbombela United | 28 | 11 | 7 | 10 | 40 | 30 | 10 | 40 |
| 8 | Mthatha Bucks | 28 | 8 | 13 | 7 | 35 | 36 | -1 | 37 |
| 9 | Real Kings | 28 | 9 | 9 | 10 | 35 | 32 | 3 | 36 |
| 10 | Pretoria University | 28 | 10 | 6 | 12 | 32 | 39 | -7 | 36 |
| 11 | Jomo Cosmos | 27 | 9 | 8 | 10 | 28 | 28 | 0 | 35 |
| 12 | Cape Town All Stars | 27 | 7 | 11 | 9 | 20 | 26 | -6 | 32 |
| 13 | FC Cape Town | 28 | 7 | 10 | 11 | 33 | 45 | -12 | 31 |
| 14 | Milano United | 28 | 9 | 2 | 17 | 33 | 55 | -22 | 29 |
| 15 | Magesi | 28 | 7 | 7 | 14 | 28 | 43 | -15 | 28 |
| 16 | Santos | 28 | 3 | 10 | 15 | 15 | 39 | -24 | 19 |

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.